
**Erratum**

***Best Books Studiewerkgids*****:** ***Fiela se kind – die drama*****:** Die terminologie van die bou van 'n drama kan van provinsie tot provinsie verskil (dit kan selfs van skool tot skool verskil). Best Books het die terminologie in meer besonderhede bespreek (die eksposisie/uiteensetting, die motoriese moment, die ontwikkelingsfase, die verloop na die krisisfase, die krisis/hoogtepunt in *Fiela se kind* en die ontknoping/afloop van die drama). en al die stappe van die bou van 'n drama bespreek en in die skets aangebring. Onderwysers moet die terminologie elemente gebruik soos wat die leerder dit tot nou geleer het. Die erratum is aangebring om verwarring te voorkom. leerders die mees algemene bou van 'n drama te leer.

Ons hoop u geniet die drama, *Fiela se kind*!

## 2. Die bou van 'n drama




| TERM | DEFINISIE | VOORBEELD UIT DRAMA |
|---|---|---|
| Eksposisie/ uiteensetting (*exposition*) | Dit is die begin van die drama. Die gehoor/leser word ingelig oor die plek, tyd, omstandighede (*circumstances*), belangrike karakters en verhoudings (*relationships*) met mekaar. | Die plekruimte is die Bos.<br>Elias se monoloog waarin hy vir ons van hom en sy kinders vertel.<br>Die omstandighede waaronder Lukas van Rooyen weggeraak het.<br>Later Fiela se plekruimte, nl. die Lange Kloof en haar gesin. |
| Klimaks | Die finale, onvermydelike gebeurtenis in die drama.<br>Konflik raak hewiger en die spanning erger. | Dit is wanneer die sensusmanne in die Lange Kloof opdaag en besluit Benjamin moet Knysna toe gaan. |
| Verwikkeling (stygende spanning) | Die handeling, nl. die motoriese moment word verder gevoer en daar is die eerste tekens van naderende konflik. | Nadat die sensusmanne vertrek het, besluit Fiela dat Benjamin Knysna toe moet gaan en alles wat hierna gebeur, is deel van die verwikkeling. |
| Krisis (hoogtepunt) | Sake het nou breekpunt bereik en 'n uitbarsting kan nie gekeer word nie. Die handeling neem 'n wending na die een of ander kant toe. | Barta eien Benjamin as haar verlore seun, Lukas, en die magistraat besluit dat hy nou Lukas van Rooyen is en saam met sy "ouers" Bos toe moet gaan. |
| Ontknoping (dalende spanning) | Die karakters kom tot nuwe insigte en lei ons tot die slotsom. | Benjamin (Lukas) gaan terug na Barta toe om uit te vind wie hy werklik is en sy noem dat sy die verkeerde kind gevat het. |
| Denouement | Die einde van die drama en die konflik word opgelos – soms is daar 'n verrassing of onsekerheid. | Benjamin neem die naam Benjamin Komoetie en hy keer terug Lange Kloof toe.<br>Die gehoor/leser word met die idee gelaat dat Nina later by hom sal aansluit. |

**Erratum**
***Best Books Studiewerkgids*****:** ***Fiela se kind – die drama*****:** 'n Korreksie by "Klimaks" en "Ontknoping" is aangebring.

# KENMERKENDE ASPEKTE VAN 'N DRAMA

| Begrip | Definisie | Engelse-vertaling |
|---|---|---|
| **Eksposisie** | Die openingstoneel waar ons meer leer van die ruimte, karakters en hulle verhoudings met mekaar. | This is the opening scene where we learn about the setting, characters and their relationships with one another. |
| **Motoriese moment** | Die een gebeurtenis wat aanleiding gee tot al die ander gebeure.<br>(Die koms van die sensusmanne.) | The one event that leads to all other events.<br>(The arrival of the census men.) |
| **Verwikkeling** | Dit is die lys van gebeure wat ná die motoriese moment plaasvind tot ons die klimaks bereik.<br>(Die sensusmanne gaan terug Knysna toe om uit te vind wat om te doen. Hulle keer later terug om Benjamin Knysna toe te neem.) | The list of events that takes place after the motoric moment, until we reach the climax.<br>(The census men return to Knysna to find out what to do. Later they come back to take Benjamin to Knysna.) |
| **Klimaks** | Die een hoogtepunt in die drama wat deur die motoriese moment veroorsaak word.<br>(Barta se erkenning dat sy vals gesweer het dat Lukas haar kind is.) | The highlight in the drama that is caused by the motoric moment.<br>(Barta admits she lied that Lukas was her child.) |
| **Ontknoping** | Die gebeure wat ná die klimaks en die krisis gebeur.<br>(Lukas neem sy ou naam aan en keer terug na die Lange Kloof. Die leser lei af Nina gaan saam.) | The events that happen after the climax and the crisis.<br>(Lukas takes back his old name and returns to the Lange Kloof. The reader infers that Nina accompanies him.) |
| **Milieu/Ruimte** | Dit is die plek waar die drama afspeel.<br>(Lange Kloof, die Bos, Knysna) | The place where the drama happens. (Lange Kloof, the Forest, Knysna) |
| **Brug in elke ruimte vir Benjamin** | Die persoon op wie Benjamin in die verskillende ruimtes kan staatmaak.<br>Lange Kloof – Fiela<br>Die Bos – Nina<br>Knysna – Kaliel | The person on whom Benjamin can depend in the various settings.<br>Lange Kloof – Fiela<br>The Forest – Nina<br>Knysna – Kaliel |
| **Benjamin as buitestander** | 'n Buitestander is 'n karakter wat nie in die milieu of by die ander karakters inpas nie.<br>(Lange Kloof – hy is die blanke seun tussen bruin mense;<br>Knysnadorp – hy is die vuil houtkapper uit die Bos;<br>Knysnabos – hy is die verlore seun, Lukas, met ander waardes as die Van Rooyens;<br>Knysna see – nie seker of hy Benjamin of Lukas of dalk die seun van 'n matroos is nie.) | An outsider is a character who does not fit in the setting or with the other characters.<br>(Lange Kloof – he is the white son amongst coloured people;<br>Knysna town – he is the dirty wood cutter from the Forest;<br>Knysna Forest – he is the lost boy, Lukas, whose values differ from those of the Van Rooyen family;<br>Knysna sea – uncertain whether he is Benjamin or Lukas or maybe the son of a sailor) |
| **Motiewe** | Die verskillende aspekte waarop deurlopend gefokus word.<br>(Ras en klas, identiteit, bevryding, onreg en geheime) | The different themes that are addressed throughout.<br>(Race and class, identity, emancipation, injustice and secrets.) |

# Antwoorde op kontekstuele vrae

## Die eerste bedryf (bl. 42–66)

## TONEEL 1

### DEEL 1: ELIAS SE MONOLOOG (bl. 42 in roman/bl. 7 in studiewerkgids)

1. D – (eksposisie)
2. Die mis is donker en ondeursigtig en dit skep die indruk dat iets onheilspellends gaan gebeur/slegs gaan gebeur.
3. Hy glo 'n goeie plan en 'n bietjie geluk sal sukses bring.
4. Hy ervaar die Bos as 'n plek waar geluk maar skaars is.
5. Die kinders snuif en hoes gedurig.
6. Die huis is substandaard en dit is gedurig klam en nat; daarom is die kinders chronies siek.
7. Die uittreksel wys dat Elias nie eintlik goed vir sy gesin sorg nie. Hy het ook min selfrespek en trots, want hy sal eerder ou plate iewers vra as om nuwes te koop.
8. Elias is 'n lui man. Boonop is hy agterbaks, want hy sal selfs sy vrou bedrieg.
9. Barta voel onrustig.
10. Die dramaturg dwing die drama in 'n rigting sodat die gehoor/leser verwag dat iets slegs met Lukas gaan gebeur.
11. Sy is nog vir Elias mooi.
12. 12.1 Hy wil Krisjan Smal van Leliebos se oudste seun kry om te help.
    12.2 Hy wil hom kry om te help sodat hy meer balke kan saag en nog geld maak.
13. Elias se eie kinders is nog te jonk om te help.
14. Hy sal blyplek aan die persoon moet gee en hulle het skaars genoeg blyplek vir hulself.
15. Elias glo 'n mens kan ryk word deur olifante te jag en hulle ivoor aan die skepe te verkoop.
16. Hy het nie die geld om gewere of ammunisie te koop nie.
17. Nee, want diere moet vry in die natuur kan leef. Dit is onwettig. Om diere te jag vir 'n waardevolle liggaamsdeel (soos 'n olifanttand wat ivoor bevat), mag sekere diere se uitwissing veroorsaak.
    Ja, want dit kan mense se inkomste aanvul.
    (Leerder se eie opinie, maar dit moet aansluit by hul mening of jag reg of verkeerd is.)
18. Die regering moet groter boetes aan oortreders oplê.
    Die regering kan oortreders met tronkstraf straf.
    Die regering kan die bestaande wette verander om mense af te skrik om diere onwettig te jag.
    (Of enige ander manier waarop die regering onwettige jag kan stopsit.)
19. Hy sal dit moeilik vind om verby die houtkopers te kom.
20. Die skeepskapteine betaal die beste vir ivoor.
21. Net die houtkopers het lisensies om aan die skepe te voorsien en as Elias direk aan die skeepskapteine verkoop, verloor die houtkopers hul kommissie.

### DEEL 2: LUKAS IS WEG (bl. 42-44/bl. 11 in studiewerkgids)

1. Hy dink dat indien hy snags by die skepe kan uitkom, hy goeie geld kan verdien.
2. 2.1 Willem
   2.2 ses
   2.3 Kristoffel
   2.4 vyf
   2.5 Nina
   2.6 drie
   2.7 Lukas



Fiela se kind Studiegids Antwoorde.indd 1 2016/04/03 8:42 PM

3. Hy is geïrriteerd.
4. Nee, want hy moet eerder ook bekommerd wees oor die kind wat weg is en na die kind gaan soek. (Enige gepaste verduideliking.)
5. Sy vertel van 'n tante van haar wie se kind ook in die Bos weggeraak het en later dood gevind is nadat hy verkluim het.
6. Ja, want haar optrede is tipies van 'n besorgde moeder.
   Nee, want sy is melodramaties.
   (Enige gepaste verduideliking wat aanpas by Barta se gedrag.)
7. Elias blameer vir Barta vir die kind se verdwyning.
8. Nee, want Barta is nie alleen verantwoordelik om na die kinders om te sien nie.
   Ja, want 'n ma moet te alle tye weet waar haar kinders hulle bevind.
   (Leerder se eie opinie.)
9. Tant Malie noem dat die mis dig is./Tant Gertjie noem dat die grootvoete in die area besig is.
10. Hulle moet die manne laat kom om te help soek.

## DEEL 3: DIE MANS HELP SOEK (bl. 44–46/bl. 13 in studiewerkgids)

1. Willem het Lukas laas by die hoek van die huis gesien.
2. Daar is baie kinders op die eiland en daarom ook baie spore wat dit moeilik sal maak om Lukas se spoor uit te ken.
3. Flip Lourens het ook voorheen so verdwyn.
4. Hy gebruik dit bewustelik om die gehoor/leser voor te berei op die ergste, nl. dat die kind dood is.
5. Die grootvoete het hom getrap.
6. Die "grootvoete" is olifante.
7. Sy noem dat die grootvoete al die hele week in die omgewing is en hulle sal nie eens voel as hulle op 'n klein kind trap nie.
8. Sy bring elke keer die idee by die mense tuis dat die ergste met die kind gebeur het.
9. Hy wil homself en die res van sy gesin dalk gerusstel.
10. Martiens beweeg suid, Dawid wes, Koos noord en Elias oos.
11. Volgens Dawid is die naaste grootvoete nou in Goena se Bos; dus kan hulle met gerustheid na Lukas soek.
12. Ná agt dae is Lukas steeds nie gevind nie.
13. Die konstabel is van mening dat Lukas ná agt dae beslis nie meer lewe nie.
14. Ja, want 'n jong kind van drie jaar kan nie so lank in die Bos op sy eie oorleef nie./Nee, iemand het hom dalk gevind en sien om na hom.
15. 15.1 Barta is verouderd, verslae en moeg gehuil.
    15.2 Elias laat sy kop sak en rol dit heen en weer in totale ongeloof.
16. Die groot reën kom sewe maande ná Lukas se verdwyning.
17. Dele van 'n kleinerige kind se geraamte word tussen die opdrifsels gevind.
18. Hulle noem dat dit dalk ook die oorskot van 'n bobbejaan kan wees.
19. Ja, want enige ouer sal soos Barta en Elias optree.
20. Barta, want sy het 'n baie beter verhouding met haar kinders as haar man.
    Elias, want hy het niemand om mee te praat oor die hartseer van die verlies van sy kind nie.
    (Enige gepaste verduideliking oor hoekom die leerder met die karakter simpatiseer.)
21. Eerstens word 'n groot tydsprong aangedui wat ons voorberei op die idee dat Lukas dood is./Dan noem die stem dat oorblyfsels van 'n klein geraamte gevind is. Die gehoor glo onmiddellik dat dit Lukas se oorskot is. Die stem op die band bring dan weer onsekerheid deur te noem dit kan ook die oorblyfsels van 'n bobbejaan wees. Die gevolg is dat die dramaturg die gehoor/leser in afwagting hou deur nie uitsluitsel te gee nie.



Fiela se kind Studiegids Antwoorde.indd 2 2016/04/03 8:42 PM

# TONEEL 2

## DEEL 1: DIE KOMOETIE-GESIN SE LEWE (bl. 46–48/bl. 17 in studiewerkgids)

1. Benjamin is nie een vir agter draf nie.
2. Hy is 'n leier en volg nie andere nie.
3. Hy noem dat daar al die afgelope week 'n vreemde kar in die Lange Kloof is.
4. Sy dink dit is smouse.
5. Die kar is op pad na Wolwekraal, die Komoeties se plaas.
6. Selling moet vir hulle sê dat hulle net aan Rossinski verkoop.
7. Hy kan dassievelle aan hulle verkoop.
8. Die koste is niks minder as twee oulap 'n vel nie.
9. Sy is getrou aan ander (Rossinski) en sy is beskermend teenoor haar gesin en hulle belange.
10. 10.1

| Aspek | Seekant | Kloofkant |
|---|---|---|
| **Plantegroei** | Milddadige plantegroei | Net klippe en stof |
| **Reënval** | Goeie reënval | Droë gebied; min reën |
| **Tipe wêreld** | Boswêreld | Volstruiswêreld |

10.2 Fiela: . . . "En kom die reën die jaar op sy tyd, blom die Lange Kloof en staan kos vir mens en dier in oorvloed en vergeet jy die droogte."

10.3 Hoewel die Lange Kloof 'n dorre en droë plek is, is dit 'n plek van oordadigheid en vrugbaarheid wanneer dit daar reën.

10.4 Fiela is 'n gelowige mens en stel haar God voor alles en almal.

10.5 Ek stem saam, want sy noem dat daar nog mooi dinge in die Lange Kloof gebeur ten spyte van die harde en wreedaardige milieu.

10.6 Fiela is 'n hardwerkende vrou en regeer in die huis en op die plaas.
As sterk vrou neem sy die leiding. Selling is wel altyd beskikbaar vir emosionele hulp en bystand. Hy moet gedryf word om take op die plaas te verrig.

10.7 Ek identifiseer met Fiela, want sy het 'n sterk persoonlikheid en ek is dieselfde.
Ek identifiseer met Selling, want met sy rustige geaardheid is hy 'n toonbeeld van krag en dit is hoe ek ook is.
(Leerder se eie keuse tussen Fiela en Selling met 'n gepaste rede waarom sy/hy met die betrokke karakter kan identifiseer.)

11. Sy het ses karwatse en twee swepe vir die volstruiswyfie betaal.
12. Sy het die wyfie by Koos Wehmeyer gekoop.
13. Hy hou daarvan om skepe te bou en te sien hoe dit op die water dryf.
14. Ja, dit is, want wanneer Benjamin later die see sien en op die bote wil gaan werk, is dit nie 'n verrassing vir die gehoor nie.
15. 15.1 Selling dink dit is predikers wat opdaag.

15.2 Selling sien hulle as predikers wat goeie nuus bring, maar hulle bring hartseer en pyn vir die gesin, want as gevolg van hulle besoek word Benjamin weggeneem.



Fiela se kind Studiegids Antwoorde.indd 3 2016/04/03 8:42 PM

## DEEL 2: DIE SENSUSMANNE DAAG OP (bl. 49–51/bl. 21 in studiewerkgids)

1. Die Lange dra 'n bril en die Dikke is rooi in die gesig.
2. Dit wys vir ons hulle dink hulle is beter as Fiela omdat hulle blank is en sy bruin./Dit wys hulle meerderwaardige houding teenoor Fiela en Selling omdat hulle blank is en Selling en Fiela bruin.
3. Hulle is rassisties en dink niks van bruin mense nie.
4. Ja, want in die tyd wat die drama afspeel, het bruin mense die blank mans "Baas" genoem. Nee, want dit stryk nie met haar karakter as matriarg en leier in haar gesin nie.
5. Hulle doen 'n sensusopname.
6. Alle handeling in die drama spruit voort uit hulle aankoms./Dit is die begin van die opbou van die spanning in die drama.
7. Sy besef hulle gaan vrae oor Benjamin vra.
8. Hy betrek haar ervaringswêreld, want hy besef sy is 'n boer en sal dit in daardie sin kan verstaan.
9. Fiela hoop die volstruiswyfie breek uit en hardloop weg sodat die kinders haar kan gaan soek.
10. Dikke impliseer dat bruin mense nie kan lees en skryf nie./Dikke impliseer bruin mense (en dalk mense op afgeleë dorpe) is ongeletterd.
11. Dit is veralgemening/stereotipering.
12. Ja, want hy dink alle bruin mense kan nie lees en skryf nie.
13. Hulle noem haar "vrou".
14. Lange beskou vir Fiela en Selling as minderwaardig en onbelangrik; daarom ignoreer hy hulle name.
15. Nee, sy optrede is nie korrek nie. Hy moes hulle met respek aangespreek het.
16. Hy sien neer op Fiela./Hy dink sy is ongeletterd en sal nie haar geboortedatum ken nie.
17. 17.1 Selling Komoetie
    17.2 1820
    17.3 Fiela Maria Apools
    17.4 Oktober 1836
    17.5 3 Januarie 1859
18. Die plaas behoort aan Fiela.
19. Fiela se pa en oupa het vir die Wehmeyers gewerk. Ná oubaas Wehmeyer se dood is twaalf morg van Oude Wolwekraal op Fiela se pa se naam oorgedra. Fiela het die grond van haar pa geërf.
20. Die erfbrief is op Uniondale by Mister Cairncross.
21. 21.1 E – (4 Januarie 1856)
    21.1 A – (2 Maart 1857)
    21.2 D – (17 November 1858)
    21.3 C – (6 Februarie 1860)
    21.4 B – (13 Februarie 1862)
22. Hulle plant koring, mielies en groente en hou 'n paar skape en 'n melkbok aan. Verder is daar 'n volstruis of twee. Laastens brei Selling velle om te verkoop.
23. Hy brei velle.
24. Hulle behoort aan die Independent Kerk.

## DEEL 3: BENJAMIN MAAK SY VERSKYNING (bl. 51–56/bl. 25 in studiewerkgids)

1. Lange ruk sy bril af en Dikke se mond val oop.
2. Hy is senuweeagtig en bekommerd oor wat nou verder gaan gebeur.
3. Die blanke seun noem die bruin vrou "Ma" en noem hulle "Baas".
4. Dit is 'n kind wat nie jou biologiese kind is nie, maar jy maak die kind groot.
5. Hy vind die situasie vreemd, want die Komoeties is bruin en Benjamin is blank.



Fiela se kind Studiegids Antwoorde.indd 4 2016/04/03 8:42 PM

6. Benjamin het omtrent nege jaar gelede by Fiela-hulle opgedaag.
7. Dit is onwaar, want Fiela skat hy was so drie jaar oud, maar sy is nie doodseker nie.
8. Hy is onnodig onbeskof, want hy moet eintlik dankbaar wees dat Fiela-hulle die kind grootgemaak het.
9. Fiela is 'n vrou wat naasteliefde betoon, kinders liefhet en hulle tot die dood sal beskerm, terwyl die sensusmanne koud en klinies is en nie verby velkeur kyk nie.
10. Sy wil weet hoekom bruin kinders op blanke mense se werwe kan woon, maar blanke kinders nie op bruin mense s'n nie.
11. Fiela probeer verduidelik dat as jy 'n kind grootmaak, ongeag of dit jou biologiese kind is of nie, is jy die ouer van daardie kind.
12. 12.1 Benjamin
    12.2 Petrus Zondagh
    12.3 agter by die see
    12.4 magistraat
    12.5 veldkornet
    12.6 Dugas
    12.7 skaapdiewe
    12.8 Haarlem
    12.9 begrafnis
    12.10 die kind wou toe nie meer van haar af nie.
13. Hy beskuldig haar van kinderdiefstal.
14. Hy sinspeel daarop dat Benjamin dalk die Van Rooyen-kind kan wees wat ongeveer nege jaar gelede spoorloos verdwyn het.
15. Mister Blake was destyds die magistraat.
16. 16.1 Jy probeer die onmoontlike doen.
    16.2 Jy vang vis op droë grond.
17. Die kind het in Kom-se-bos weggeraak.
18. Die omgewing is te bergagtig. Kom-se-bos is aan die seekant van die berg en die Lange Kloof is aan die ander kant.
19. Nege jaar vroeër was daar nie 'n pad oor die berg nie.
20. Amptenare soos die magistraat en die veldkornet wat sorg dat die landswette gehoorsaam word.
21. Hulle wil hom saamneem Knysna toe.
22. Hulle sal haar keel moet afsny (doodmaak)./Hy is klaar in die boeke opgeskryf as Benjamin Komoetie; hulle kan dit nie verander nie.
23. Nee, want biologiese ouers is nie noodwendig ouers nie./Fiela is reg as sy sê Benjamin is haar kind, want sy het hom grootgemaak.
    Ja, want Benjamin is nie haar biologiese kind nie; sy sal nooit werklik sy ma wees nie.
    (Leerder se eie opinie in hierdie trant.)
24. Haar taalgebruik is tipies dié van 'n plaasboer en dit sluit ook sterk aan by haar gelowigheid.
25. Hy praat net die ander na./Hy doen net wat die ander doen.
26. Hulle gaan terug Knysna toe om te verneem wat hulle te doen staan.
27. 27.1 Dit is daardie gebeurtenis wat die handeling aan die gang sit.
    27.2 Die motoriese moment in die drama is die koms van die sensusmanne.
    27.3 Alles wat hierna gebeur, is as gevolg van hulle koms, optrede en inmenging.

## DEEL 4: DIE SENSUSMANNE VERTREK (bl. 56–57/bl. 29 in studiewerkgids)

1. Die sensusmanne was in Februarie by die Komoeties.
2. Fiela skrik nie meer elke oggend wakker met vrees in haar hart nie.
3. Sy noem dat haar kinders moet voortgaan met hulle normale aktiwiteite.



Fiela se kind Studiegids Antwoorde.indd 5 2016/04/03 8:42 PM

4. Sy is bang die sensusmanne daag daar op; dan is hy nie daar nie en dit kan tot probleme lei./Sy voel meer gerus as sy Benjamin om haar sien.
5. Sy sê dat sy bekommerd oor sy veiligheid is.
6. 6.1 Tollie
   6.2 Benjamin
   6.3 Skopper
   6.4 Kittie
   6.5 agter die eerste bos sal lê en slaap.
7. Die kleintjies wat uitbroei, sal verkoop word. Dit sal ekstra geld inbring. Dan kan Fiela nog grond koop.
8. Hulle besef dat die volstruiswyfie in die volstruismannetjie belangstel en hulle sal dus eersdaags paar.

# TONEEL 3

## DEEL 1: DIE VAN ROOYENS (bl. 57–58/bl. 31 in studiewerkgids)

1. Hy is amper deur die grootvoete vertrap.
2. Hy herhaal dat hy nog die grootvoete gaan kry.
3. As hy jag maak op hulle en een kan skiet, sal hy die ivoortande vat om aan die skepe te verkoop./Dan sal daar meer geld wees om beter vir sy gesin te sorg.
4. Hy het die handbyl, kortsaag, osrieme en die kombers verloor.
5. 5.1 Dit is 'n feit.
   5.2 Hulle is arm mense en voer 'n sukkelbestaan.
6. Daar is 'n uil op die dak.
7. Ja, ek stem saam, want sy glo die uil gaan ongeluk bring.

## DEEL 2: DIE NUUS VAN DIE MAGISTRAAT OP KNYSNA (bl. 58–59/bl. 33 in studiewerkgids)

1. Dit is vroeg in die oggend.
2. 'n Boswagter bring die nuus.
3. Hulle seuntjie Lukas lewe dalk nog.
4. Ja, Elias is gelukkig, want dan sal hy later 'n ekstra paar hande hê om te help balke saag.
   Nee, want dit beteken daar sal 'n ekstra mond wees om kos voor te gee.
   (Leerder se eie opinie, maar in hierdie trant.)
5. Die boodskap kom van die magistraat op Knysna.
6. Die kind is glo in die Lange Kloof.
7. 7.1 Hy sê sy kop wil die ding nie vat nie.
   7.2 Hy ken die Boswêreld en weet hoe bergagtig dit is en kan nie glo dat sy kind dit destyds as driejarige kon oorleef nie.
8. Hulle moet Vrydag op die dorp wees.
9. Die kind se naam is Lukas.
10. Hulle kom gewoonlik net as die bosbewoners iets verkeerds gedoen het; hulle doen basies dieselfde werk as polisiemanne.
11. 11.1 Elias bedoel dit figuurlik, want hy het nie regtig seergekry nie.
    11.2 Letterlik – dit beteken dat sy liggaam stukkend vertrap is deur die olifante.
    Figuurlik – dit beteken dat sy gees verpletter is.
    11.3 Die figuurlike verduideliking pas die beste by Elias.



Fiela se kind Studiegids Antwoorde.indd 6 2016/04/03 8:42 PM

# TONEEL 4

## DEEL 1: OGGEND IN DIE KOMOETIE-HUIS (bl. 59–60/bl. 36 in studiewerkgids)

1. Die aalwee sou nie tap nie as gevolg van die sterk noordwestewind.
2. Hy moet die werf vee./Hy moet help om die hoenderhok skoon te maak.
3. Kittie moet koffie maak en vir almal skink en Emma moet seep vir Miss Baby en antie Marie neem.
4. Die argumente is eintlik maar net ’n geterg onder mekaar wat dui op die onderlinge liefde en aangename verhouding met mekaar.
5. Emma moet ’n emmer meel by die winkel koop.
6. Ek stem saam, want Fiela hiet en gebied almal en hulle luister na haar.
7. Sy sê Benjamin moet nie sy mond so vol kos prop nie.
8. Rossinksi sou die volgende week velle en karwatse kom haal en Selling moet dit vir hom regkry.
9. Ek identifiseer met Fiela, want sy regeer op die plaas en hiet en gebied ook haar man. Ek identifiseer met Selling, want hy is ’n stil man met ’n sterk karakter.
   (Leerder se keuse en motivering in hierdie trant.)
10. Sy is steeds regverdig, want sy sê Tollie kan nie help nie omdat sy been seer is en hy by die huis moet bly.

## DEEL 2: DIE SENSUSMANNE KOM HAAL VIR BENJAMIN (bl. 60–62/bl. 38 in studiewerkgids)

1. Die sensusmanne daag ’n tweede keer op.
2. Die magistraat op Knysna het hulle gestuur om die kind te kom haal.
3. Sy is ontsteld en voel die magistraat kan tot in die Lange Kloof gekom het.
4. Hulle moet die kind in die Lange Kloof kom sien.
5. Hulle daag op ’n Woensdag op.
6. Die “ma” van die kind, Barta van Rooyen, gaan ook op Knysna wees.
7. 7.1 Sy noem haar die bosvrou.
   7.2 Sy het nie juis ’n hoë dunk van haar nie en sy hou nie van haar nie.
8. Sy sal self vir Benjamin Knysna toe neem.
9. Sy kan nie aanvaar dat hy glo ’n kind van drie jaar oud kon oor die berge na die Lange Kloof toe loop nie, want selfs die pad na Knysna, wat ’n reguit pad is, is te lank vir ’n kind van nege jaar oud.
10. Lange impliseer dat Fiela meer weet as wat sy vir hulle vertel./Hy impliseer dat Benjamin dalk ’n kind van gemengde ouers is.
11. Sy sal die kind die Maandag Knysna toe neem.
12. Sy plaas haar hoop op God en op Lange en Dikke se goedhartigheid.
13. Hy kom nooit in die kerk nie./Hy is verheiden./Hy is ongeletterd, want hy is nie in die skool nie.
14. 14.1 Here
    14.2 Tollie
    14.3 Dawid
    14.4 Miss Baby Stewart
15. Nee, want hulle hele houding wys dat hulle Fiela se houding steurend vind. Hulle sal enige iets sê net om haar samewerking te kry.

## DEEL 3: BENJAMIN MOET KNYSNA TOE GAAN (bl. 62–66/bl. 40 in studiewerkgids)

1. Ja, want Fiela regeer daar.
2. Fiela plaas haar hoop op God as dinge moeilik raak.
3. Die kind kan nie alleen gaan nie, want dit is te gevaarlik./Daar het glo ’n tier uitgekom.



Fiela se kind Studiegids Antwoorde.indd 7 2016/04/03 8:42 PM

4. Dawid moet dorp toe gaan, Tollie moet dunhout vir die vuur maak, Emma moet die klein vuur maak en Kittie moet die naaldwerkblik bring om Benjamin se klere reg te maak.
5. Alles moet nou gedoen word, want Benjamin gaan Knysna toe.
6. Sy wil vir die magistraat wys hulle kan mooi na Benjamin kyk sodat hy hom dan huis toe sal stuur.
7. 7.1 Benjamin is bang om Knysna toe te gaan.
   7.2 Hy was nog nooit voorheen op Knysna nie./Hy was nog nooit alleen weg van Fiela-hulle af nie./Hy is ook onseker oor wat op Knysna gaan gebeur.
   7.3 Hy is alleen en bang en daarom simpatiseer ek met hom. (Enige ander gepaste rede waarom die leerder met Benjamin simpatiseer.)
8. 8.1 Fiela is bang vir die gereg en het ook ervaring daarvan.
   8.2 Fiela verwys na die magistraat as die grootman van die wet.
9. 9.1 Die magistraat moet nie dink die Komoeties is arm nie – hulle kan vir Benjamin sorg.
   9.2 Hulle besit die grond waarop hulle boer, terwyl die ander families grond huur.
10. Fiela gee vir Benjamin vyf sjielings.
11. Fiela sal vir Benjamin 'n pak slae gee indien hy die geld verloor.
12. Hy voel dit is meer respekvol en die magistraat sal dan dalk empatie met hulle hê.
13. Selling was voorheen in die tronk.
14. Sy is vreeslik ontsteld.
15. Dit sal die Komoeties in 'n slegte lig stel en dan sal hy nie vir Benjamin terugstuur huis toe nie.
16. Fiela, want sy tree soos 'n tipiese moeder in belang van haar kinders op. Selling, want hy probeer altyd raad gee net soos ek. Benjamin, want ek voel ook somtyds bang wanneer ek nie weet wat gaan gebeur nie.
    (Leerder se keuse en gepaste motivering waarom hy met die karakter kan identifiseer.)
17. Ek sou bang en alleen voel, want daar is niemand om my by te staan nie.
    (Enige gepaste verduideliking van die leerder se gevoelens.)
18. Fiela is 'n gelowige mens wat nog in die goedheid van die mensdom glo. Sy het ook groot respek vir die gereg. Sy het 'n sterk liefde vir haar gesin en is boonop hardwerkend.
19. Ek sou 'n plan maak om in Knysna te wees wanneer Benjamin voor die magistraat verskyn.



Fiela se kind Studiegids Antwoorde.indd 8 2016/04/03 8:42 PM

# Die tweede bedryf (bl. 67–90)

## TONEEL 1

### IN DIE MAGISTRAAT SE KANTOOR (bl. 67–69/bl. 44 in studiewerkgids)

1. Die milieu is die magistraatskantoor op Knysna.
2. Hy probeer vir Benjamin gerusstel; daarom ondervra hy hom.
3. Nee, want hy is 'n minderjarige kind en hy verstaan nie grootmense se optrede nie.
4. Die magistraat ondervra vir Benjamin./Hy vra dan die konstabel om die ander vier seuns in te bring./ Barta kom in en kyk na die seuns./Barta wys met haar vinger na Benjamin./dan draai sy om en begin huil./Die magistraat vra vir Benjamin of hy weet wat gebeur het./Benjamin moet saam met die Van Rooyens gaan as hulle kind.
5. Hy is baie ontsteld en sê dat die bosvrou lieg.
6. Hy moet saam met die bosvrou en haar man Bos toe gaan.
7. Dit beteken dat die Komoeties nie arm is nie.
8. Die woord "Baas" word gebruik om na die blanke man te verwys. Dit hou verband met die siening dat blanke mense meerwaardig is, terwyl bruin mense minderwaardig is. Hier smeek Benjamin die magistraat as't ware om hom na Fiela-hulle toe te stuur.
9. Hy is eintlik ook maar 'n rassis en dink dat alle blanke mense beter as bruin mense is.
10. Ek voel jammer vir hom, want alles wat aan hom bekend is, word wreed onder hom uitgeruk wanneer hy van sy grootmaak-familie weggeneem word.
11. Nee, want in die hantering van die saak is hy bevooroordeeld en hy kies kant. Hy neem nie die werklike omstandighede in ag nie.
12. Hy verstaan nie werklik wat gebeur het nie en hy is ook bang.

## TONEEL 2

### DEEL 1: BENJAMIN AS LUKAS BY DIE VAN ROOYENS (bl. 69–70/bl. 47 in studiewerkgids)

1. 1.1 Dit beteken hy praat nie.
   1.2 Sy bedoel dit figuurlik.
2. Elias dra by tot Benjamin se verwarring deur hom as Lukas aan te spreek.
3. Lukas aard glo na Nina.
4. Hy is 'n mooi kind./Hy is 'n bietjie maer.
5. Hy is nog vreemd vir hulle./Deur in hulle kring te sit, beteken hy het hulle as sy ouers aanvaar en dit het hy nog nie gedoen nie.
6. Op pad Bos toe eet hulle die kos wat Fiela vir Benjamin ingepak het.
7. Barta is geduldig terwyl Elias ongeduldig is.
8. Tant Gertjie meen Lukas is stil omdat hy moeg en vreemd is.
9. Ek sou gehuil/weggehardloop het.

### DEEL 2: LUKAS EN NINA (bl. 70–74/bl. 49 in studiewerkgids)

1. Nina probeer vriende maak met Lukas.
2. Hulle is min of meer dieselfde ouderdom; daarom is dit vir haar makliker as vir die ander kinders om met hom vriende te maak.
3. Sy wil haar geheim vir Lukas gaan wys.
4. Hy wag vir Fiela om hom te kom haal.



Fiela se kind Studiegids Antwoorde.indd 9 2016/04/03 8:42 PM

5. Lukas moet sy nonsens stop of hulle pa sal hom slaan.
6. Hy is nie hulle kind nie.
7. Sy moet hom die pad Lange Kloof toe wys.
8. Sy het gehoor Fiela is 'n bruin vrou en sy glo 'n bruin vrou kan nie 'n blanke kind hê nie./Haar ma het Benjamin ook dadelik as Lukas uitgeken.
9. Nina is 'n boskind, baie ongekunsteld en nog onskuldig.
10. 10.1 meisiekind
    10.2 Lange Kloof
    10.3 hardepad
    10.4 Bos
    10.5 Knysna
    10.6 Diepwalle
11. Sy steek vier botteltjies weg en maak musiek daarmee.
12. Hy sal die vyf sjielings aan haar gee.
13. Sy wil by Lukas weet hoeveel 'n halfkroon is.
14. Sy wil 'n mondfluitjie/'n kombers koop.
15. Toe die grootvoete haar pa jaag, het hy haar kombers neergegooi en weggehardloop.
16. Ja, want met die insident van die uil sê Barta dit bring net slegte nuus.
    Nina sê ook dat jy nie die naam van die grootvoete noem nie, want anders sal hulle jou jaag.
17. Leerder se eie opinie.
18. Nee, want hy vra vir Nina hoe om uit die Bos te kom./Hy weet nie wat grootvoete is nie.
19. Ek kan soos 'n muisvoël sing./Ek kan soos 'n bosduif koer.
20. Ja, want dit beskryf die geluide wat Nina met die botteltjies kan maak baie goed.
21. Sy toon ook rassistiese neigings al is sy nog so jonk.
22. Sy maak musiek met die bottels.

## DEEL 3: ELIAS, BARTA EN DIE KINDERS SE ROL (bl. 75–76/bl. 53 in studiewerkgids)

1. Hulle stapeldieet is patats.
2. Hy moet leer balke saag.
3. Elias wil vir Lukas gebruik sodat hy sy nuk kan uitsweet.
4. Dit beteken Lukas moet ontslae raak van sy streke/nonsens.
5. Die magistraat sal na sy welstand verneem en as daar fout is, kan hulle in die moeilikheid kom.
6. Elias: . . . "Dit is in my vuur wat die kaiing lê."
7. Dit is in Elias se huishouding waar Benjamin probleme veroorsaak en nie in die magistraat se huis nie.
8. Hy is 'n harde mens wat nie liefde vir sy kinders wys nie./Hy glo ook 'n pak slae sal alles regmaak.
9. Hy kan nog die hand inlê./Hy kan hulle nog slaan.
10. Nee, want geweld los nie probleme op nie.
11. Ja, want hy praat van Fiela-hulle as die "bruingoed".
12. Hy dink blanke mense is beter as bruin mense ongeag hulle finansiële posisie.
13. Hy voel nie gelukkig daaroor nie.
14. Hulle is daar om hom te help geld inbring.
15. Nina en Lukas is in die Bos.
16. Sy sê Nina het die vorige week hard gewerk.
17. 17.1 Dit is 'n mening.
    17.2 Sy dink dit is hoe Nina oor die Bos voel.
    17.3 Sy is lief vir die Bos./Sy is ook hardkoppig.



Fiela se kind Studiegids Antwoorde.indd 10 2016/04/03 8:42 PM

18. 18.1 Elias: "Ek sal haar vasmaak soos jy 'n wegloop-os vasmaak . . . "
    18.2 Nina en die os word met mekaar vergelyk.
    18.3 Hulle is al twee hardkoppig./Al twee loop gedurig weg.
    18.4 Ja, want dit gee 'n goeie beskrywing van Nina en haar hardkoppigheid.
19. Nee, want hy verstaan nie sy dogter nie./Hy wil dit wat op seuns van toepassing is op haar afdwing.

## DEEL 4: LUKAS PROBEER WEGLOOP (bl. 76–77/bl. 56 in studiewerkgids)

1. Nee, want sy moet haar man staan en met Elias daaroor praat dat hy die kinders mishandel. (Enige ander gepaste opinie.)
2. Sy is 'n tragiese figuur./Sy kan nie standpunt inneem nie./Sy verdedig nooit haar kinders nie. Sy is 'n swak, passiewe karakter./Sy is 'n volgeling – nie 'n leier nie.
3. 3.1 Nina
   3.2 vashou
   3.3 Lukas
   3.4 magistraat
   3.5 boswagter
   3.6 merke
4. Sy moet hom nie so irriteer dat hy smoorkwaad raak nie.
5. Ja, hy dink sy kinders is daar om hom te help en hy kan hulle reg-slaan as hulle nie luister nie./Sy plig is om hulle te dissiplineer en nie om liefde en respek aan hulle te betoon nie.
6. Hy sal hulle 'n pak slae gee./Hulle sal bylkap tot hulle bly lê.
7. Nina probeer ongesiens by die huis inglip. Elias sien haar en gryp haar aan die hare. Hy vra haar waar Lukas is. Nina vertel dat hy weggeloop het. Elias gaan soek vir Lukas met die osriem.
8. Hy is in beheer van sy gesin; al is dit deur geweld te gebruik./Almal sal doen soos hy sê anders sal hy hulle slaan.
9. Hy het weggeloop.
10. Sy weet as sy haar pa vertel dat sy vir Lukas die pad gewys het, sal hy haar pakgee.
11. Lukas het Diepwalle se kant toe geloop.
12. Nina het vir Lukas laas in Kom-se-bos gesien.
13. Elias weet sy jok omdat sy stamel./Lukas ken nie die Bos nie.
14. Lukas is op pad Lange Kloof toe.
15. Hy kry die lantern en sy baadjie om na Lukas te gaan soek. Hy neem die osriem saam om hom te slaan.
16. Hy sou 'n paar ekstra hande verloor./Hy kan nie glo dat die kind bruin mense bo blanke mense verkies nie.
17. Hy dink niks van sy kinders nie./Hy sien hulle as 'n las.
18. Nee, Barta is nie 'n rolmodel nie, want sy laat toe dat haar man haar en die kinders mishandel.

# TONEEL 3

## DEEL 1: FIELA DAAG BY DIE MAGISTRAAT SE KANTOOR OP (bl. 77–78/bl. 59 in studiewerkgids)

1. Die magistraatskantoor is aan die bokant van 'n stofstraat in Knysna.
2. 2.1 Dit word figuurlik bedoel.
   2.2 Dit is 'n refleksie van Fiela se gemoedstoestand wanneer sy daar aankom.
3. 3.1 "Dit het gevoel of die dooie venster my aangluur."
   3.2 Ja, want alle onsekerheid wat Fiela voel, word hierdeur gewys.
4. 4.1 Fiela verwys na hulle as vredestoorders.
   4.2 Ja, want hulle kom versteur die vrede op Wolwekraal deur Benjamin weg te neem.



Fiela se kind Studiegids Antwoorde.indd 11 2016/04/03 8:42 PM

5. Fiela voel nie tuis op die dorp nie en deur Engels te praat, vervreem hy haar nog meer.
6. Dit het Fiela twee dae geneem om op Knysna te kom.
7. Haar vasbeslotenheid om iets aan die saak te doen./Haar liefde vir haar gesin; al is dit nie haar biologiese kind nie.
8. 8.1 Engels
   8.2 Hollands
9. 9.1 Dit is 'n vergelyking.
   9.2 Dit beteken mens moet maar die minste wees om te kry wat jy wil hê.
   9.3 Jy moet soos 'n slang seil wanneer jy verleë staan voor blanke mense.
   9.4 Nee, want alle mense, ongeag hulle velkleur, behoort gelyk te wees.
   Ja, want in die era waarin die drama afspeel, was dit vir bruin mense beter om maar die minste te wees as hulle iets gedoen wil hê.
10. Hy is 'n bejaarde bruin man.
11. Hy is die eerste bruin mens wat sy op die dorp ontmoet./Hy praat net soos sy Hollands.
12. Hy is besig met 'n saak.
13. Mister Goldsbury is die magistraat.
14. Sy vra vir die skoonmaker hoe die magistraat sal weet sy is daar as niemand vir hom gaan sê nie.
15. Fiela voel verlig wanneer sy hoor die magistraat verstaan Hollands en kan die taal praat.
16. Fiela voel verlig dat die magistraat haar sal verstaan.
17. Ek voel jammer vir haar oor haar dilemma.

## DEEL 2: FIELA PRAAT MET DIE KONSTABEL (bl. 79–80/bl. 62 in studiewerkgids)

1. Sy wil 'n klag teen die magistraat lê.
2. Nee, want Fiela wil van Benjamin se saak kom hoor.
3. Fiela noem hom "Baas".
4. Sy wil uitvind wat van haar hanskind, Benjamin Komoetie, geword het.
5. 5.1 Lange
   5.2 Dikke
   5.3 Lange Kloof
   5.4 Wolwekraal
   5.5 Benjamin
   5.6 Woensdag
   5.7 Vrydag
   5.8 Knysna
   5.9 Mister Goldsbury
   5.10 Saterdag
6. Die stelling is onwaar, want die konstabel vra vir Fiela of sy van die kind praat wat agter die berg gehaal is.
7. Sy vlei hom deur te sê hy is 'n man wat van dinge sal weet.
8. Hy vra vir Fiela om te wag./Hy gaan praat met die magistraat.
9. Ja, want sy noem hom 'n leuenaar en sy vra hom of hy betaal word om niks te doen nie.
10. Die skoonmaker bedoel dinge sal op die dag verkeerd loop.
11. Fiela dreig om hom 'n klap te gee.
12. Aanvanklik was hy tegemoetkomend en vriendelik, maar nadat hy met die magistraat gepraat het, is hy onvriendelik en nie meer so tegemoetkomend nie.
13. Hy noem haar nou "vrou".
14. Hy ag haar nie meer nie en hy dink sy is minderwaardig en hy is verhewe bo haar.
15. Die saak is afgehandel./Die kind is aan sy ouers gegee.

16. Hy was daar toe die bosvrou kom kyk het./Sy het onmiddellik vir Benjamin as haar kind uitgeken.
17. Dit kan nie waar wees nie./Sy glo dit nie.
18. Dit is soos afsterf sonder om te groet.
19. Sy voel die magistraat het nie die saak reg hanteer nie.

# TONEEL 4

## DEEL 1: ELIAS VIND VIR LUKAS IN DIE BOS (bl. 80–82/bl. 65 in studiewerkgids)

1. Hy is kwaad vir Lukas daarom skree hy op hom.
2. Lukas skrik en probeer weghardloop.
3. 3.1 Dit word figuurlik bedoel.
   3.2 Elias bedoel Lukas skep probleme.
   3.3 Doring in die vlees./Vlieg in die salf.
4. Lukas noem hom "Baas".
5. Elias is woedend.
6. Hy slaan vir Lukas.
7. Hy is gefrustreerd met Lukas wat nie na hom luister nie.
8. Lukas is verward oor wie hy is en waar hy hoort. Is hy lid van die Komoetie- of die Van Rooyen-gesin? Verder forseer Elias hom om 'n naam te gebruik waarmee hy onbekend is. Dit vererger sy verwarring.

## DEEL 2: ELIAS SNY NINA SE HARE AF (bl. 82–83/bl. 66 in studiewerkgids)

1. Hy saag nou balke vir sy "pa".
2. 2.1 Nina . . . *Op en af nes 'n bobbejaan aan 'n tou*.
   2.2 Sy kan nie stilsit nie./Sy kan nie haar rus kry nie.
3. Nina was te lank in die huis gehok en sy is gewoond daaraan om in die Bos rond te loop.
4. Die Bos is nie 'n plek vir 'n meisie alleen nie.
5. Ja, want die mis kan enige oomblik oorkom of die grootvoete kan haar vertrap.
6. Hy slaan haar met die osriem. Boonop sny hy haar hare met die mes af.
7. Nina is vir hom vreemd en hy probeer haar omvorm tot iemand wat hy kan hanteer en verstaan, nl. 'n seun.
8. Ek is ontsteld en kwaad vir Elias, want mens tree nie so op teenoor 'n iemand anders nie. (Enige gepaste verduideliking.)

# TONEEL 5

## FIELA IS TERUG BY DIE HUIS (bl. 83–84/bl. 68 in studiewerkgids)

1. Fiela soek in die Bybel na die verhaal.
2. Sy is baie gelowig en probeer al haar probleme oplos deur met God te praat.
3. Sy glo as sy weet waar in die Bybel dit staan, sy dit as 'n gelykenis kan gebruik indien sy weer die kans kry om met die magistraat te praat./Dit sal dalk ook help om haar onrustige gemoed te kalmeer.
4. Kittie soek die verhaal in die Bybel.
5. Fiela soek by Selling vertroosting toe hulle nie die verhaal vind nie.
6. 'n Klaar antwoord is een waar daar sekerheid is en 'n halwe antwoord is een waar daar nie uitsluitsel gegee word nie.
7. 7.1 Fiela: "Glo jy dat 'n kind van drie jaar agter uit die Bos tot hier kon gedwaal het . . ."
   7.2 Dit is 'n retoriese vraag.



Fiela se kind Studiegids Antwoorde.indd 13 2016/04/03 8:42 PM

7.3 Fiela verwag nie eintlik ’n antwoord nie, want sy ken die antwoord.

7.4 Die gebruik van die vraag is funksioneel, want die gehoor/leser voel die onreg wat die Komoeties ervaar.

8. 8.1 Fiela onthou dat koning Salomo gesê het hulle moet die kind deursny sodat elkeen van die ma’s ’n halwe kind kan kry.

   8.2 Die regte ma het vir koning Salomo gesê sy sal dan eerder die kind aan die ander vrou gee – hulle moet nie die kind seermaak nie. Koning Salomo het toe die kind aan die regte ma gegee.

9. Petrus Zondagh kan vir hulle inligting oor Benjamin kry.
10. Hy is ook ’n blanke man en sy het al haar vertroue in blanke mense verloor.
11. Fiela vertrou op God om haar te help.
12. Fiela besluit sy sal weer Knysna toe gaan om die magistraat te sien.
13. Sy sal met die magistraat self praat en sy sal beter voorbereid wees.

# TONEEL 6 EN 7

## DEEL 1: FIELA EN DIE MAGISTRAAT (bl. 84–87/bl. 71 in studiewerkgids)

1. Fiela noem die magistraat Salomo.
2. Ja, want volgens Fiela is hy net so slim en regverdig soos koning Salomo in die Bybel. Hy het die besluit oor Benjamin geneem en sy wil haar kant van die saak stel. Dalk sal hy soos die wyse Salomo sy uitspraak verander.
3. Fiela wil weer waarom net die een vrou laat kom is toe die kind deurgesny moes word.
4. Hy kan haar laat arresteer.
5. Fiela is op die dorp om te hoor wat van Benjamin geword het.
6. Sy snak na haar asem toe sy hoor wie hy is.
7. Nee, want hy moes vir Fiela die kans gegee het om haar kant van die saak te stel.
8. Hoe kan ’n kind van drie jaar uit die Bos tot agter in die Lange Kloof kom?
9. Hy dreig haar met die wet.
10. Barta het vir Lukas onmiddellik tussen die ander seuns uitgeken.
11. God vergewe ons vir ons sondes, maar God vergewe ons nie as ons ons kinders sleg behandel of ’n oneer aandoen nie.
12. Fiela: “ ... weledele heer se oordeel berus al sal dit soos ’n alweepil vir die res van my lewe in my keel vassteek.”
13. Ja, want Fiela se gemoed is so bitter soos wat die alweepil is.
14. 14.1 magistraat

    14.1 bosvrou

    14.2 watter klere die kind aangehad het
15. Sy moet kom sê wat die kind die dag van sy verdwyning aangehad het.
16. Sy het planne om grond te koop om aan Benjamin te gee.
17. Fiela beplan om die Laghaans se grond vir Benjamin te koop.
18. Al is die Van Rooyens brandarm, is hulle ten minste blank. Benjamin is ook blank en Fiela is bruin. Daarom is die magistraat tevrede om Benjamin vir die Van Rooyens te gee.
19. Die klere is opgevreet die jaar met die kriekplaag.
20. Fiela is ’n Godvresende vrou en sy noem dat sy op die Grootboek sal sweer.
21. Die Grootboek verwys na die Bybel.
22. Die magistraat moet net vir haar sê by wie Benjamin is.
23. Hy verbied haar om naby Benjamin te kom. Hy sal vir die magistraat op Uniondale skryf om Fiela te laat dophou. Die magistraat moet verdere stappe doen as Fiela moeilikheid daar kom maak.



Fiela se kind Studiegids Antwoorde.indd 14 2016/04/03 8:42 PM

24. Aanvanklik het die woorde haar getref. Daarna was daar skrik en uiteindelik verslaentheid en magteloosheid.
25. Met Fiela, want as moeder het sy pas haar kind verloor.
    Met die magistraat, want die wet is koud en onpersoonlik; dus mag hy nie deur emosies beïnvloed word nie. (Enige gepaste verduideliking.)
26. Ek voel jammer vir haar, want sy het pas haar kind verloor.
27. Fiela noem die magistraat "Weledele Heer" en "Baas".
28. Fiela is 'n goeie gelowige vrou wat lief is vir kinders al is dit oor die kleurgrens heen.
29. Die magistraat is bevooroordeeld teenoor bruin mense en hy dink wit mense is beter as bruin mense.

## DEEL 2: DIE BOSWAGTER BESOEK DIE VAN ROOYENS (bl. 87–89/bl. 74 in studiewerkgids)

1. Die Van Rooyens se boshuis is die ruimte vir die toneel.
2. Hy moet uitvind of die kind tevrede is./Hy moet vasstel of die kind aanpas.
3. 3.1 Sy is nog daagliks aangedaan.
   3.2 Nee, maar hy is bang Kapp neem die kind weer weg.
4. Die Van Rooyens is ongeletterde mense en Lukas is geletterd.
5. 5.1 Dit is Elias se woorde.
   5.2 Hy praat met Kapp.
   5.3 Elias praat van Nina.
   5.4 Die woorde beteken Nina is nie dom nie.
6. Nee, Elias is nie 'n eerbare karakter nie, want hy lieg vir Kapp sonder om 'n oog te knip.
7. Kapp moet uitvind of Lukas oor die mense van die Lange Kloof praat.
8. Hy is bang hy beland in die moeilikheid by die magistraat./Hy is bang hulle neem vir Lukas weg en dan het hy een werker minder.
9. Sy is dadelik onrustig en skrik groot.
10. Hulle moet dadelik die magistraat in kennis stel.
11. Hy moet uitluister of daar 'n werk vir Nina op die dorp is.
12. Nina sal kinders kan oppas.
13. Ja, want Lukas is nog 'n kind en hy werk vir sy pa deur balke te saag./Hy soek vir Nina 'n werk op die dorp.
14. Hy sê Lukas is mos nou onder sy eie mense.
15. Daar is slaanmerke op Lukas en as Kapp dit gesien het, sou hy dit aan die magistraat rapporteer.

## DEEL 3: FIELA BESOEK DIE VAN ROOYENS (bl. 89–90/bl. 77 in studiewerkgids)

1. Lukas bid.
2. 2.1 Hy is nog ontsteld oor Fiela se besoek.
   2.2 Dit is Fiela en haar seun.
   2.3 Hulle het Lukas se goed gebring.
3. Hy sou die hond op haar gesit het as hy een gehad het.
4. 4.1 Die feit dat hy 'n rassis is.
   4.2 Hy verwys na Fiela as die "bruinvel".
5. Hy het haar met die magistraat gedreig.
6. Nee, want inherent is Fiela 'n beter mens as Elias. Sy is ook finansieel meer suksesvol. Hy tree so op omdat sy bruin is.
7. 'n Opgeskote seun, Dawid, was saam met Fiela.
8. Hy sou die bruingeid uit Lukas slaan.
9. Dit is die enigste konkrete ding wat hom aan Fiela bind.



Fiela se kind Studiegids Antwoorde.indd 15 2016/04/03 8:42 PM

10. Hy het nou al in 'n mate aangepas by die boslewe en daarom vloek hy op haar. Sy taalgebruik weerspieël Elias se taalgebruik. Hy leer dus van Elias om te intimideer deur vloekwoorde te gebruik.

# Die derde bedryf (bl. 91–116)

## TONEEL 1

### DEEL 1: NINA GAAN WERK OP DIE DORP (bl. 91–93/bl. 79 in studiewerkgids)

1. Nina is sewentien jaar oud en Benjamin is negentien jaar oud.
2. Kapp, die boswagter, het die werk vir haar gereël.
3. Nina se vergoeding is vier sjielings per week en kos en klere ingesluit.
4. Lukas moet tot by Diepwalle saam met haar loop.
5. Sy skel die hele pad op Lukas en sê selfs hy moet sy bek hou.
6. Nina is ongelukkig, want sy is 'n bosmens en sy is lief vir die Bos. Lukas voel vasgevang in die Bos en hy soek die blou lug bo sy kop.
7. Sy sal kinders oppas.
8. Nee, want Nina is die een wat daarvoor werk.
   Ja, want hy onderhou sy gesin al gaan dit bitter moeilik.
9. Die grootvoete in die Bos.
10. Sy "pa" het gesê hy moet wag tot die boswagter opdaag./Hy besef ook Nina sal wegloop en nie dorp toe gaan nie.
11. Sy is bang./Die dorpsmense spot met die bosmense.
12. Hy was in 'n soortgelyke situasie toe die sensusmanne hom op Wolwekraal kom haal en Knysna toe geneem het.
13. Sy gaan nou 'n dorpsmeisie word en sal haar soos 'n *lady* (dame) moet gedra.
14. Sy moet net haar kop in die lug hou.
15. Sy sal die Bos en haar mense ontgroei./Sy sal dalk nooit weer wil teruggaan Bos toe nie.
16. Ja, want baie ouers verwag vandag steeds dat hul kinders vir hulle moet sorg wanneer hulle begin werk./Baie arm families stuur ook hulle kinders om elders te gaan werk om ekstra inkomste te kry.
17. Ek sou gegaan en op my eie voete gestaan het – my losgemaak het van die slegte verhouding.
18. Ek is ontsteld dat haar pa haar om finansiële gewin uitbuit.
    (Leerder se eie opinie.)
19. Hy voel dat sy 'n beter lewe op die dorp sal hê./Sy sal weg wees van die emosionele en fisieke mishandeling van hulle pa./Daar is beter geleenthede op die dorp.
    (Enige gepaste verduideliking.)
20. Ek sou druk op my man uitoefen om harder te werk vir 'n beter inkomste vir die huishouding.

### DEEL 2: NINA LOOP VAN HAAR WERK AF WEG (bl. 93–95/bl. 81 in studiewerkgids)

1. Hy moet Nina se geld gaan haal.
2. Daar is nie geld nie./Nina het al maande gelede verdwyn.
3. Hulle het gedink sy is terug Bos toe.
4. Hulle is op pad Noetzie toe.
5. Daar is glo 'n spookskip waarna almal gaan kyk.
6. Lukas sê iets in hom het vooruit begin loop.
7. Hy wil nie onnodige aandag op hom vestig nie.
8. Lukas ontmoet vir veldkornet Armstrong.
9. Nee, vir Afrikaanse sprekers is dit 'n teken van respek om ouer mans as "oom" aan te spreek.



Fiela se kind Studiegids Antwoorde.indd 16 2016/04/03 8:42 PM

10. Hy is die loods by die koppe waar die skepe deurkom.
11. Hy is 'n waardige ouerige man, maar ook vol fiemies. Hy is pligsgetrou en laat nie op hom trap nie.
12. Hy wil daar oornag en help waak.
13. Lukas sê dat hy lanklaas soveel sterre gesien het.
14. Lukas praat met vreemdelinge terwyl die ander bosbewoners glad nie met hulle praat nie.
15. Lukas dink aan Nina wanneer hy die sterre sien.
16. As jy 'n ster sien verskiet, moet jy vinnig wens; dan word dit waar.
17. Die Van Rooyens bly by Barnard-se-eiland.
18. Dit is 'n opinie, want dit is nie die waarheid nie.

## DEEL 3: LUKAS KRY VIR NINA (bl. 95–97/bl. 84 in studiewerkgids)

1. Dit is Nina se nuwe werkgewer.
2. Nina het gesê sy is 'n weeskind en het nie familie nie.
3. Sy kyk kop in die lug na hom en wanneer sy praat, is haar stem bytend.
4. Ja, want haar optrede wys dat sy Nina se gesin minag.
5. Hy sê sy is/was nog altyd verbeeldingryk./Sy het 'n goeie verbeelding.
6. Nina het voorheen by die skoolmeester gewerk.
7. Sy het hulp in die huis makeer./Sy wou vir Nina ophef deur vir haar goeie maniere te leer.
8. Hy moet kom uitvind waar Nina is en hoekom sy weg van die skoolmeester is.
9. Hoewel sy as 'n harde persoon voorkom, het sy 'n sagte hart. Dit is waarom sy haar oor Nina ontferm.
10. Ja, want sy toon naasteliefde teenoor Nina./Sy het empatie met Nina en het haar ingeneem.
11. Sy gaan loop rond by die koppe.
12. Sy is bang iets kan met Nina gebeur en sy wil nie dié verantwoordelikheid hê nie.
13. Hy sê dit is Nina se liefde en verlange na die Bos wat aan haar vreet en waaraan sy vasklou.
14. Die Bos is vir Nina simbolies van mishandeling en swaarkry daarom veg sy teen haar liefde daarvoor.
15. Dit is die beste kans wat Nina nog ooit gehad het om 'n beter lewe vir haarself te skep.
16. Ja, want dit sal haar selfbeeld en lewe op 'n positiewe manier affekteer.
    Nee, want deur opvoeding kan Nina uit armoede ontsnap en dit gee Miss Weatherbury nie.
    (Enige gepaste verduideliking.)
17. Hulle deel 'n spesiale band.
18. Hy sal self haar geld kom haal./Hy sal met haar praat as dit nodig is.
19. Miss Weatherbury is nou agterdogtig.
20. Sy voel nie gelukkig dat Nina se geld na haar ouers toe moet gaan nie./Sy vertrou Lukas nie.
21. 21.1 Die kinders begin so vroeg moontlik werk en die geld word gesamentlik tot almal se voordeel aangewend.
    21.2 Ja, want die hele gesin word bevoordeel.
    Nee, want die individu werk hard en pluk nie die vrugte van sy arbeid nie.
    21.3 Sy is nie meer in die Bos nie.
    21.4 Dit is vals, want wanneer Miss Weatherbury sê sy weet nie hoekom die Van Rooyens Nina se geld wil hê nie, sê Lukas hy weet ook nie eintlik nie.
22. 22.1 Nina daag op terwyl Lukas met Miss Weatherbury praat.
    22.2 Sy is dadelik aggressief en val hom aan.
    22.3 Sy is besig om haarself los te maak van die Bos en haar gesin./Sy wil 'n nuwe lewe vir haarself op die dorp skep.
    22.4 Nina het besluit haar pa kan sy agterstewe oplig en vir homself gaan werk./Sy gaan nie meer haar geld vir hom stuur nie.
    22.5 Nee, want as jy werk, moet die geld aan jou behoort./Jy hoef nie ander daarmee te onderhou nie.

22.6 Miss Weatherbury is eintlik besig met opheffingswerk en wil Nina in 'n dame verander. Vulgêre taalgebruik is onaanvaarbaar en daarom wys sy vir Nina daarop.

23. Sy moet teruggaan Bos toe en vir Elias sê dat hy nie weer terugkom nie.
24. Hoewel dit eintlik beteken hy kom nie terug Bos toe nie, impliseer dit ook hy wil alle bande met die Bos verbreek.

# TONEEL 2

## DEEL 1: LUKAS EN KALIEL (bl. 97–100/bl. 89 in studiewerkgids)

1. Hy wil leer roei.
2. Dit is dalk sy passie./Dit in sy bloed./Dit sal hom vryheid gee om weg te kom uit die Bos. (Enige twee gepaste redes.)
3. 3.1 Lukas
   3.2 loodsboot
   3.3 John Benn
4. Hy praat met John Benn oor die moontlikheid van 'n werk.
5. Hy dink John Benn en Lukas het van sy werk gepraat en wil van hom ontslae raak.
6. Hy noem dat Lukas vir John Benn op die verkeerde tyd iets gaan vra het./Hy sê as die suid-oos waai, is John Benn al vroegdag beneuk. (Enige een van die twee redes.)
7. Hy werk al lank vir John Benn.
8. 8.1 Kaliel September uiter die woorde.
   8.2 Kaliel praat met Lukas.
   8.3 Lukas sê vir Kaliel dat hy vir John Benn 'n werk gevra het./John Benn sou hom aanstel as hy kon roei./Kaliel is egter John Benn se roeier daarom Kaliel se reaksie.
   8.4 Kaliel is ontsteld en sarkasties.
   8.5 Nee, want hy vra vir Kaliel hoekom John Benn iemand in sy plek soek en of hy weggaan.
9. Nee, want hy self weet nie eens waarvoor hy wag nie.
10. Hy kan sien Kaliel is ontsteld.
11. Lukas moet gaan werk vra agter op die dorp by Thesens se plek.
12. Hulle hys 'n vlag as teken dat hulle werkers soek.
13. Hulle het mense nodig wat die nuwe kaai kan bou.
14. Lukas wil nie klippe dra nie./Hy wil op die see werk. (Enigeen van die twee redes.)
15. Hy sê Lukas lyk asof hy uit die Bos gekruip het.
16. Hy sal nie weer teruggaan Bos toe nie.
17. 17.1 Hy sal hom kos en blyplek gee.
    17.2 Lukas kan oesters uithaal, visvang, vis skoonmaak en droog.
    17.3 Hy weet Kaliel is 'n roeier en die take val nie onder roeiwerk nie.
    17.4 Hy sien nie kans om te leef van wat John Benn betaal nie.
    17.5 17.5.1 Kaliel
         17.5.2 houtkapper
         17.5.3 bloed
         17.5.4 soutbloed
         17.5.5 bosbokstrik
         17.5.6 toutjiesvleis
    17.6 Ja, want Lukas het kom werk soek en nou is hy baie kieskeurig.
         Nee, want dit is Lukas se keuse om nie strikke vir jong bokkies te stel nie.
         (Leerder se eie opinie en verduideliking.)
    17.7 Hy is sarkasties en neerhalend en noem die stoomskip 'n koolvreter.



Fiela se kind Studiegids Antwoorde.indd 18 2016/04/03 8:42 PM

18. Lukas en Kaliel het elkeen 'n lewensdroom maar weet nie of dit verwesenlik gaan word nie.
19. Lukas verstaan nie eintlik wat Kaliel probeer sê nie.

## DEEL 2: NINA BESOEK VIR LUKAS (bl. 100–101/bl. 93 in studiewerkgids)

1. Nina kom soek vir Lukas by Kaliel.
2. Sy dra 'n blou rok met blommetjies en 'n dik swart tjalie om haar skouers.
3. 3.1 "Ek" verwys na Lukas.
   3.2 "Haar" verwys na Nina.
   3.3 Sy liggaam reageer op 'n erotiese vlak op hare.
   3.4 Hy stoot Nina weg van hom.
   3.5 Hy voel dit is sonde, want Nina is sy suster.
   3.6 Hy is 'n man met hoë morele waardes en is gekant teen bloedskande (*incest*).
   3.7 Ek dink dit is onnodig, want alles in ag geneem, kan hulle nie broer en suster wees nie./Ek voel jammer vir hom, want dit verhoog sy spanning omdat hy verlief is op haar, maar nie weet of sy dalk sy suster is nie.
4. Sy het Bos toe gegaan om te sê dat Lukas nie weer sal terugkom nie.
5. 5.1 ou
   5.2 verander
   5.3 mondfluitjie
   5.4 bottels
   5.5 torre
   5.6 begrawe
6. Dit is eintlik Nina se finale afskeid van die Bos, want sy sal nie weer teruggaan nie. Terselfdertyd is dit die afskeid van haar kinderjare, want sy is nou op pad na volwassenheid.
7. Ek stem nie saam nie, want Lukas kan sy oë nie van haar afhou nie.
8. Nee, want hy en Nina is nie suster en broer nie.
   Ja, want al is hulle nie biologiese suster en broer nie het hulle tog die laaste vyf jaar as suster en broer saamgebly.
   (Leerder se eie opinie in hierdie trant.)
9. Nina was ongeveer twee maande weg.
10. 10.1 Sy het by die skoolmeester, by miss Weatherbury en ook by die winkel gewerk.
    10.2 Die seemanne wat daar gekom het, het haar betas en sy het nie daarvan gehou gehou nie.
    10.3 Ek voel dit is oneerbiedig en hulle het geen respek vir vroue nie. (Leerder se eie opinie.)
    10.4 Nina werk nou vir Miss Weatherbury.
    10.5 Nina is Miss Weatherbury se "companion".
    10.6 Dit is iemand wat ander mense geselskap hou.
    10.7 Hy is verlig./Hy meen Nina is veilig daar.
    10.8 Sy het geen ander plek om heen te gaan nie, want sy gaan beslis nie weer Bos toe nie.
    10.9 Lukas voel Nina behoort 'n plek te hê waar sy nie verleë hoef te wees nie.
    10.10 Hy sal nie weer teruggaan Bos toe nie.

## DEEL 3: 'N BOODSKAP VAN WOLWEKRAAL (bl. 101–103/bl. 96 in studiewerkgids)

1. Nina kom sê vir Lukas sy broer Dawid is oorlede.
2. Ek weet dit deur sy gedagtes – hy dink sy is mooi.
3. 3.1 Sy wil Lukas se reaksie sien en probeer vasstel hoe hy oor die Lange Kloof se mense voel.
   3.2 Sy het hom by die ysterhoutrug raakgeloop.
   3.3 Dit was Latjie van baas Petrus wat die nuus gebring het.
   3.4 Hy is op soek na Benjamin./Hy wil hom vertel dat sy broer Dawid oorlede is.
   3.5 Lukas besluit hy gaan vir 'n paar dae die Lange Kloof (Wolwekraal) toe.



Fiela se kind Studiegids Antwoorde.indd 19 2016/04/03 8:42 PM

3.6 Ja, dit is die regte besluit want dan kan hy duidelikheid kry oor sy verlede./Hy kan dan uitvind wie hy werklik is.

4. Lukas gaan vir omtrent 'n week weg.
5. Vis is skaars in die Lange Kloof en die Komoeties sal dit geniet om vis te eet./Iemand het hom gevra om vis saam te bring as hy terugkom.
6. Volgens Willem was haar pa op pad Knysna toe om haar en Lukas te kom haal.
7. Dit hang af van die omstandighede. As jy iemand daardeur beskerm, is dit aanvaarbaar om 'n wit leuentjie te vertel.
8. Indien Fiela-hulle van hom vergeet het, sou hulle hom nie van Dawid laat weet het nie.
9. Sy is bekommerd dat Lukas nie sal terugkom nie.
10. Sy het rede om so te dink. Aan die begin toe Lukas by Nina-hulle gekom het, het hy probeer teruggaan. Nina het nie daarvan vergeet nie en daarom dink sy hy sal nie terugkom as hy soontoe gaan nie.
11. Ek stem saam, want as sy hoor haar pa is op pad, wil sy hê Lukas moet dadelik vertrek. Sy waarsku hom ook teen olifante in die Bos.
12. Die Komoeties was sy familie voor die Van Rooyens; daar is 'n onbreekbare band met hulle.
13. Dit voel vir haar of hy al klaar alle bande met die Van Rooyens en met haar verbreek het./Dit voel asof hy fisiek daar is, maar nie geestelik nie.
14. Hulle is bruin en Lukas is blank.
15. In Nina se ervaringswêreld is bruin mense minderwaardig. Sy kan nie anders as om so te dink nie.

# TONEEL 3

## DEEL 1: BENJAMIN KOM IN DIE LANGE KLOOF AAN (bl. 103–104/bl. 99 in studiewerkgids)

1. Die ruimte is Fiela se werf/Wolwekraal se werf/Fiela se plaas.
2. Ná Dawid se dood wou Selling nie weer op nie./Sy bene sou ook heeltemal ingee as hy nie stap nie.
3. Selling is 'n swakkeling wat maklik opgee, maar Fiela is 'n sterk vrou en sal tot die bitter einde deurdruk.
4. Selling sien iemand aankom.
5. Fiela besef dit is Benjamin.
6. Hy is lank en mooi./Sy klere is vuil en flenters./Daar is 'n fierheid in sy blou oë.
7. Sy het nog heeltyd aan Benjamin as 'n kind gedink en hier staan hy voor haar as 'n volwasse man. Hier het haar innerlike konflik te make met haar idee van hoe sy Benjamin onthou en hoe hy nou lyk. Nou kan sy ook duidelik sien dat hy blank is en hulle bruin. Hier het die konflik te make met die feit dat anderskleuriges nie saamwoon nie.
8. Sy wil hom so graag omhels, maar haar hande bly hang slap langs haar sye.
9. Fiela beleef groot konflik omdat Benjamin duidelik blank is.
10. Fiela se gevoel verander toe Benjamin haar "Ma" noem.
11. In oomblikke van hartseer, geluk en nood beroep sy haar op God en haar geloof.
12. Fiela huil omdat sy gelukkig is.
13. Selling is so aangedaan dat hulle hom moet lawe en in die bed sit. Kittie huil ook van blydskap.
14. Benjamin is sewe jaar gelede van hulle af weggeneem.
15. Ja, sy is oortuigend, want sy tree op soos 'n tipiese ma wat haar kind ná 'n lang afwesigheid weer sien. Nee, die dramaturg laat Fiela se optrede te geforseerd lyk.
(Enige gepaste verduideliking.)

## DEEL 2: FIELA EN SELLING IS BEKOMMERD OOR BENJAMIN (bl. 105–106/bl. 101 in studiewerkgids)

1. Daar is 'n onrustigheid in hom wat hy nie kan stil nie.
2. 2.1 "Benjamin werk soos 'n man wat honger is en nie genoeg kry nie."
   2.2 Benjamin werk ontsettend hard en probeer so sy probleme vergeet.
   2.3 Nee, want die probleme moet aandag kry en oplossings daarvoor moet gevind word.
3. Ja, want hy wil nie weer teruggaan Bos toe nie soos hy vroeër ook vir Nina gesê het.
   Nee, want die onsekerheid oor sy herkoms sal aan hom bly knaag. Hy sal moet teruggaan, want net Barta het die antwoorde.
4. Die stelling is waar, want Selling merk dadelik op dat daar 'n hartseer in Benjamin is.
5. As kind het hy 'n wil van sy eie gehad en dit is nou nog die geval.
6. 6.1 Olifantsrivier
   6.2 skuit
7. Benjamin bly drie maande op Wolwekraal.
8. Fiela gebruik dit wat in die natuur gebeur om die verloop van die seisoene, d.w.s. tyd aan te dui, nl. die volstruiskuikens wat geil en voorspoedig is en Kittie wat die eerste aandblommetjie huis toe bring.
9. 9.1 Die volstruiskuikens is gesond en groei mooi. Hulle sal verkoop kan word vir inkomste om die Laghaans se grond te koop.
   9.2 Die tyd het verbygegaan. Dit is al weer lente.
10. Selling bedoel dit figuurlik.
11. Hy voel Benjamin het ook geestelik gegroei.
12. Sy praat oor letterlike dinge soos dat hy nou reg eet.

## DEEL 3: BENJAMIN VRA VIR FIELA OOR SY HERKOMS (bl. 106–109/bl. 103 in studiewerkgids)

1. Fiela kom agter hy praat glad nie oor die Van Rooyens nie.
2. Benjamin is nog te hatig teenoor Elias en daarom wil hy nie oor die hartseerjare praat nie./Hy is bang hy verklap dalk hoe hy oor Nina voel.
3. Benjamin se vraag of Fiela nog glo dat 'n kind van drie jaar alleen agter uit die Bos tot in die Lange Kloof kon gestap het, vang haar onkant.
4. Fiela vind die vraag senutergend, want sy het aanvaar dat Benjamin van hulle vergeet het. Dit is bevestig deurdat die mense op die dorp gesê het hy het die Van Rooyens dadelik as sy eie mense aangeneem.
5. Fiela dink dat die reg klaar besluit het wie Benjamin is; daarom is dit 'n dooiding. Benjamin voel dit is nie 'n dooiding nie, want dit pla hom nog te veel.
6. Ek stem saam, want Benjamin sê dat hy nie weet wie hy werklik is nie.
7. Benjamin het gehoop hy sal tot ruste kom./Die onrustigheid in hom sal weggaan./Hy sal antwoorde op al die vrae oor sy verlede kry.
8. 8.1 "Hulle" verwys na die sensusmanne en die magistraat.
   8.2 Fiela blameer hulle vir Benjamin se deurmekaar gemoed.
   8.3 A – (Bedaard terwyl hy sy pyn wegsteek.)
9. 9.1 Fiela: "Jy is 'n weggooilam . . ."
   9.2 Dit is 'n kind wie se ouers hom/haar weggooi/weggee omdat hulle nie self na hom/haar kan omsien nie.
10. Fiela se woorde is dat God vir Benjamin aan haar toebetrou het.
11. Fiela is baie ontsteld.
12. Sy bedoel dat hulle nie met die gesprek kan ophou nie./Hulle moet daaroor praat; al maak dit hoe seer./Genesing kan slegs ná die gesprek plaasvind.
13. Sy vra soos wie hy voel: Benjamin Komoetie of Lukas van Rooyen.
14. Die dag toe hy teruggekom het Wolwekraal toe, het hy geweet hy is tuis.



Fiela se kind Studiegids Antwoorde.indd 21 2016/04/03 8:42 PM

15. Hy moenie na sy ma probeer soek nie, want hy gaan haar nie kry nie./Hy moet nou aanvaar hy is Fiela se kind.
16. Nee, want enige mens wil tog weet wie sy/haar biologiese ouers is.
    Ja, want sy veg vir die behoud van haar kind.
17. Die feit dat hy blank en sy bruin is./Die feit dat hy nie sy lewe lank by Fiela-hulle in die Kloof kan bly nie.
18. 18.1 Sy het die Laghaans se grond vir hom gekoop./Dit is op haar naam geregistreer, maar sy sal dit op sy naam oordra.
    18.2 Die dokumente is by mister Cairncross.
    18.3 Benjamin is van mening dat die grond aan Tollie, Kittie en Emma behoort.
    18.4 Ja, Benjamin is reg, want hulle is Fiela se biologiese kinders en dit is hulle erfreg.
    Nee, Benjamin is verkeerd, want 'n mens moet nie ondankbaar wees nie.
    18.5 18.5.1 B – (Hy is oorlede.)
    18.5.2 D – (Hy is verslaaf aan drank.)
    18.5.3. A – (Sy het in die trommel vir hulle opsygesit.)
    18.6 18.6.1. Hulle albei is eiewillig.
    18.6.2. Hulle wil altyd hul sin hê en luister nie na ander nie; hulle is hardkoppig.
    18.7 Benjamin glo hy het nie die reg op die grond nie omdat hy nie Fiela en Selling se biologiese kind is nie.
    18.8 Fiela meen Benjamin het 'n reg op die grond omdat sy hom soos haar eie kind grootgemaak het nadat sy hom as driejarige ingeneem het.
19. Hy sou bekend wees as Fiela se optelkind as hy terugkom Kloof toe./Fiela wou seker maak dat hy nie skaam daaroor sal wees nie.
20. Fiela sou dit op Benjamin se naam oordra sodat hy vir hom 'n huis daar kan bou en kan boer.
21. Hy sou graag die grond by Fiela koop, maar hy kan nie.
22. 22.1 Benjamin erken teenoor Fiela dat hy verlief is op sy suster Nina.
    22.2 'n Koue gaan deur Fiela se hart toe sy die woorde hoor.
    22.3 Benjamin se liefde vir Nina bewys volgens Fiela dat hy nie die Van Rooyen-kind kan wees nie.
23. 23.1 Nina
    23.2 bloed
    23.3 verlief
    23.4 reg
    23.5 verkeerd
    23.6 Barta

# TONEEL 4

## LUKAS IS TERUG IN DIE BOS (bl. 109–110/bl. 108 in studiewerkgids)

1. Die ruimte is die Van Rooyens se huis in die Bos
2. Barta dink Kristoffel het opgedaag.
3. Kristoffel moes kos gaan koop en vir Lukas gaan soek.
4. Die grootvoete het hom getrap.
5. 5.1 grootvoete/olifante
   5.2 Gounarivier
   5.3 olifantkoei
   5.4 maande
   5.5 twee
   5.6 sleep
6. Ek voel nie jammer vir hom nie, ek meen dit is sy verdiende loon. (Leerder se eie opinie.)
7. Sy was bang Lukas kom terug en hy weet nie wat aangaan nie.



Fiela se kind Studiegids Antwoorde.indd 22 2016/04/03 8:42 PM

8. Hy het agter in Witplekbos gaan bome kap.
   8.1 Daar was die vorige week laas 'n inkomste in die huis.
   8.2 Dit is wanneer laas balke weggeneem is.
9. Daar is skaapvleis in die sak wat Lukas saambring.
10. Kristoffel is vier dae gelede weg dorp toe.
11. Barta sien hy het nuwe skoene en klere aan.
12. Barta lei af hy was weg met die skepe./Hulle het hom goed betaal.
13. Nee, Elias roep nie regtig nie, Barta probeer Lukas se vrae ontduik.
14. "Is ek julle kind wat weggeraak het? Is ek Lukas?"
15. Sy weet haar leuens gaan uitkom.
16. Hy is vasberade om die waarheid uit te vind.
17. Sy wil dit vermy; daarom loop sy weg./Sy begin skree.
18. Nee, want haar optrede wys dat sy 'n leuen vertel het en nog steeds lieg.

# TONEEL 5

## LUKAS IS TERUG OP DIE DORP (bl. 111–112/bl. 110 in studiewerkgids)

1. Hy is oorbewus van haar en dat hy op haar verlief is. Nou is hy bang sy kom dalk iets agter, daarom praat hy nie juis nie.
2. Lukas se idee van 'n gesprek is om oor onbelangrike dinge te praat, maar Nina wil dieper dinge bespreek.
3. Dit sal beter wees, want dan kan sy gevoelens vir haar nie sterker groei nie./Dan gaan hy homself nie blootstel deur te wys hoe hy oor haar voel nie.
4. Nee, want 'n man wat verlief is, tree nie so op nie.
   Ja, aangesien Nina nog steeds sy suster is, wil hy nie die gevoelens vir haar laat groei nie.
   (Enige gepaste verduideliking.)
5. Sy raak kwaad en skel op hom.
6. Hy gee blykbaar slegs om vir die die loodsboot.
7. Hy is onnosel en 'n lafaard.
8. Sy vermoed dat hy iets vir haar voel, maar bang is om dit te sê./Sy voel ook iets vir hom, maar hy is te dom om dit raak te sien.
9. 9.1 Dit is 'n voorbeeld van innerlike konflik.
   9.2 Hy is ontsteld en gefrustreerd.
   9.3 Ek voel jammer vir hom, want geen mens verdien om deur so baie te gaan nie.
   (Enige gepaste verduideliking.)
   9.4 Ja, want alle mense moet hulle identiteit vasstel en waar hulle inpas.

# TONEEL 6

## LUKAS IS TERUG IN DIE BOS (bl. 112–114/bl. 112 in studiewerkgids)

1. Hulle is besig om te eet.
2. Die een kant van sy gesig en nek lyk soos ou, verdorde leer. Boonop eet hy nou met sy linkerhand.
3. Elias is sarkasties as hy "Wragtig!" uitroep. Daarna verwys hy na Lukas as die hond wat weggeloop en nou teruggekom het. Hier praat hy metafories, maar hy is eintlik beledigend. Hy verlekker hom in die idee dat Lukas teruggekom het.
4. Sy weet die oomblik van waarheid het aangebreek en sy sal dinge nou moet regstel.
5. Elias gee net voor om gul te wees; inderwaarheid is hy sarkasties.



Fiela se kind Studiegids Antwoorde.indd 23 2016/04/03 8:42 PM

6. Hy vertel dat hy geluk gehad het met 'n bosbok en dat Barta vir hom kos sal inskep.
7. Elias kan nie meer beweeg soos voorheen nie. Hy kan nie meer sy regterarm oplig nie en sy been het nog nie reg aangegroei nie.
8. Nee, want aan die begin sien ons hy is 'n kansvatter en 'n luiaard. Hy gebruik die aanval as 'n verskoning om nie te werk nie en om sy gesin te manipuleer.
9. Sy lot is om te sit en niks te doen nie.
10. Dit is onwaar want hy sê as Lukas nou huis toe kom, werk al drie sy seuns vir hom en kan hulle kosyne lewer. Dan kan hulle gewere koop en die grootvoete skiet. Hy droom steeds daarvan om vinnig geld te maak.
11. Benjamin is nie hulle seun Lukas nie.
12. Barta het onvrede in haar hart gehad en dit het haar al hoe meer begin pla dat sy hom verkeerdelik geeïen het.
13. Nee, want dit is nie reg om in die hof te lieg nie.
14. Hulle het die beendere blykbaar langs die Homtini gekry.
15. Hy was verhonger en verkluim.
16. "... en die engels het hom gevat."
17. Dit beteken hy het gesterf.
18. 18.1 trommel
    18.2 Lange
    18.3 blou
    18.4 bang
    18.5 deurmekaar
19. Ja, want omdat sy haar laat beïnvloed het deur een man se slinkse optrede is sy hele lewe omvergegooi.
20. Hy is niemand nie!

# TONEEL 7

## DIE BRIEF AAN BENJAMIN (bl. 114-116/bl. 115 in studiewerkgids)

1. Die ruimte is Fiela se huis; spesifiek by die tafel.
2. Fiela, Selling en Kittie sit by die tafel.
3. Hulle skryf 'n brief.
4. Hulle skryf aan Benjamin.
5. Sy wil nie hê Benjamin moet in die verleentheid kom oor enige iets nie./Fiela wil net die beste vir Benjamin hê.
   (Enige gepaste antwoord.)
6. Sy is ontsteld en bekommerd oor Benjamin. Hy moet van hom laat hoor. Hy moet onthou hulle bid vir hom. As dinge te swaar is, moet hy huis toe kom en nie toelaat dat dit wat gebeur het hom onderkry nie.
7. 7.2 Tollie
   7.2 Wolwekraal
   7.3 dronk
   7.4 met 'n mes gesteek
   7.5 tronk
8. Ja, ek dink dit is reg, want Benjamin het al klaar genoeg dinge om hom oor te bekommer.
   Nee, ek dink dit is verkeerd. Tollie is sy "broer" en hy moet weet wat in sy broer se lewe gebeur.
   (Enige gepaste verduideliking)


Fiela se kind Studiegids Antwoorde.indd 24 2016/04/03 8:42 PM

9. Pollie en Skopper se kuikens is verkoop en word na oorsese lande uitgevoer – glo Australië). Hy weet egter nie of hulle lewend daar sal uitkom nie.
10. Miss Mattie werk by die poskantoor.
11. Sy kla as koeverte te dik is.
12. Sy lewer nie die pos persoonlik af nie.
13. Ja, want sy veg tot die bitter einde vir haar hanskind.
    Nee, want sy regeer die plaas rigied en met 'n ysterhand. (Enige gepaste verduideliking.)
14. Fiela – sy is 'n goeie godsdienstige ma en ek wil eendag so wees.
    Selling – hy is 'n goedgeaarde, intelligente pa met goeie raad en ek wil soos hy wees as ek die dag 'n pa is. Kittie – sy is nog jonk net soos ek is.

# TONEEL 8

## LUKAS VERLAAT MISTER BENN (bl. 116/bl. 117 in studiewerkgids)

1. Dit is 'n seetoneel.
2. Sy klere is verkreukel./Hy klink beter (meer positief).
3. Hy sal voortaan as Benjamin Komoetie bekend staan.
4. Lukas se soeke na sy identiteit is verby; hy het homself gevind.
5. 5.1 Dit is 'n feit.
   5.2 Hy wou Lange Kloof toe gaan en daar gaan boer.
   5.3 Lukas is nou bewus van Barta se leuens en dat hy nie lid van die Van Rooyen-gesin is nie. Hy het die Komoeties as sy familie aanvaar en hy het die Van Rooyens as familie verwerp.
6. Hy praat eintlik van Lukas se geestelike toestand en dat hy gesond is omdat hy homself gevind het.
7. 7.1 Mister Benn is aan die woord.
   7.2 Hy praat met Lukas.
   7.3 Hy bedoel dit figuurlik.
   7.4 Mister Benn verstaan steeds nie vir Lukas nie en kan hom nie peil nie.
8. Hy bedoel dat Lukas nou aan al sy verwagtings as 'n man voldoen. Lukas het hom nie gefaal nie.
9. 9.1 Dit is 'n opinie.
   9.2 Dit is wat Mister Benn dink.
10. Hy moet daarheen gaan om vir Nina te vertel dat hy nie haar broer is nie en dat hy teruggaan Lange Kloof toe.
11. Dit is nie heeltemal geslaagd nie, want daar is nog te veel los drade wat nie vir die gehoor/leser opgelos is nie./Die gehoor/leser moet nog te veel vrae self beantwoord.
12. Lukas kom by Miss Weatherbury aan en vra vir Nina om met hom te trou. As getroude paartjie vertrek hulle na Wolwekraal, trek in die huis op die Laghaans se grond in en lewe gelukkig daar.
    (Enige gepaste slot vir die drama.)



Fiela se kind Studiegids Antwoorde.indd 25 2016/04/03 8:42 PM

# Antwoorde op konsepvraestel

## UITTREKSEL 1

1. Die ruimte is die Bos/huis/huis van die Van Rooyens. (1)
2. Die ruimte simboliseer sy vasgevangenheid. (1)
3. Tant Malie is een van die buurvroue van die Van Rooyens/'n bosvrou. (1)
4. Sy wil die gehoor/leser op die ergste voorberei ná klein Lukas se verdwyning. (1)
5. A – (dramatiese doelstelling) (1)
6. 6.1 Barta kom soos 'n gedaante deur die mis aan. (1)
   6.2 Barta lyk byna soos 'n spook/iets leliksiets slegs wat aankom./Sy is iets wat die mense bedreig. (1)
   6.3 Ja, dit is suksesvol, want dit gee vir ons die idee van Barta se fisieke en emosionele toestand./ Nee, want jy beskryf nie vroue as gedaantes nie; dit is oneerbiedig. (Enige gepaste verduideliking.) (1)
7. 7.1 D
   7.2 C
   7.3 B
   7.4 A (4)
8. Hy vra vir Willem hoekom hy hom alles moet voorsê./Hy vra vir Barta wat dit nou weer is en of sy nie kan sien hy is besig nie. (1)
9. Elias voer 'n sukkelbestaan./Hy is 'n selfsugtige vader wat net aan homself en sy eie belange dink. (2)
10. Die Van Rooyens se driejarige seuntjie, Lukas, word gesoek. (1)
11. Sy bring elke keer die idee dat iets slegs gaan gebeur. (1)
12. Nee, want hy is 'n selfsugtige man wat net aan homself dink. (1)
    (Leerder se eie opinie of Elias 'n goeie rolmodel is of nie.)

**[18]**



Fiela se kind Studiegids Antwoorde.indd 26 2016/04/03 8:42 PM

## UITTREKSEL 2

13. A – (monoloog) (1)
14. Die Kloof is 'n dorre droë plek met min plantegroei en baie ruimte terwyl die Bos 'n nat, vogtige plek met welige plantegroei en min ooptes is. (2)
    (Die verskil tussen die twee moet getoon word.)
15. "Haar" verwys na die volstruiswyfie. (1)
16. 16.1 Dit is nie predikers nie, maar sensusmanne. (1)
    16.2 Predikers bring goeie nuus en verkondig God se woord, maar die sensusmanne bring slegte nuus en neem Benjamin weg van hulle. (1)
17. Die perdekar bring die sensusmanne wat later vir Benjamin wegvat van Fiela af en alle ander handeling gebeur as gevolg daarvan. (1)
18. Lange en Dikke is op die perdekar. (2)
19. Sy regeer haar gesin met 'n ysterhand. (1)
20. Sy is 'n godsdienstige vrou wat altyd haar toevlug tot God neem as sy onseker is of probleme het. (1)
21. Hoewel Selling sieklik is, is hy tog hardwerkend en dra by tot die huishouding. Hierteenoor is Elias gesond, maar baie lui en hy skram weg daarvan om te werk. Selling word deur Fiela gedomineer; terwyl Elias alles en almal om hom wil domineer.
    (Enige gepaste een – moet Selling en Elias teenoor mekaar stel.) (2)
22. Enige karakter in die Komoetie-gesin, maar die motivering kry die punt. (1)
23. 23.1 Dit is 'n mening. (1)
    23.2 Dit is wat Selling dink. (1)
24. Hulle sal die kleintjies verkoop, dan sal hulle ekstra geld het om die Laghaans se grond te koop om op Benjamin se naam te sit. (1)

**[17]**

**TOTAAL: [35]**

Fiela se kind Studiegids Antwoorde.indd 28 2016/04/03 8:42 PM